NUUSBRIEF

KAROO HOOGLAND MUNISIPALITEIT

DATUM VAN UITGAWE: DESEMBER 2019

INLIGTING : GEMEENSKAPSDIENSTE

- Die eerste rondte van opleiding vir SMME's in Karoo Hoogland vind tans plaas. Hierdie opleiding word gedoen insamewerking met *die National Empowerment Fund* en *Small Enterprise Development Fund*. SMME's word ook versoek om op die Central Suppliers Database van die staat (www.csd.gov.za) te registreer. Let wel: Die Munisipaliteit het NIE 'n verskaffers-databasis NIE. Die Munisipaliteit mag slegs met instansies besigheid doen wat by bogenoemde CSD geregistreer is. U kan die plaaslike munisipale kantoor besoek vir hulp met registrasie in die verband.
- Die konstruksie van die **Soetwater - en Karusa Windplaas** sal eersdaags begin buite Sutherland. **10 Jeugdiges van Sutherland** ontvang tans opleiding as "Supervisors", hierdie inisiatief is insamewerking met Power Construction (Siviele kontrakteur) vir laasgenoemde projek. Mnr Christiaan Maans is aangestel as "Community Liaison Officer" en is indiens van Power Construction.
- **40 Persone** is reeds in diens geneem by die Roggeveld Windplaas buite Sutherland. Die gemeenskap, besighede en klein besighede word gevra om deurlopend vergaderings met bogenoemde maatskappye by te woon om effektiewe deelname te verseker veral met die oog op sosiale - en ekonomiese ontwikkeling.
- Die Thuma Mina "Green Deeds" projek wat fokus op die **skoonhou van dorpe** is geloods. **20 jeugdiges** is in diens geneem. Opleiding interme van *Civil and Construction* is geloods en 'n totaal van **75 jeugdiges** sal baat vind by hierdie opleidingsprojek.
- Die plaveisel van Jupiter Singel(Sutherland) sal eersdaags begin en **60 persone** is in diens geneem. 'n Verdere **35 persone** is ook in diens geneem vir die skoonmaak van Sutherland.
- Die skoonmaak/afmaak van prosopisbome deur die Werk vir Water Projek sal **55 persone** in diens neem om bome te verwyder in die Williston distrik.
- In Fraserburg is **40 persone** in diens geneem vir die plaveisel van strate.
- Biblioteke in die gemeenskappe lewer 'n goeie diens en die sirkulasie getalle is soos volg: Fraserburg 1583, Williston 482 en Sutherland 1133. Daar word 'n beroep op ouers en skole gedoen om toe te sien dat kinders en leerders wat materiaal/boeke leen dit betyds inhandig by Biblioteke.

KONTAK ONS KANTORE

TEL : 053 3913 003
FAKS : 053 3913 294
Mulder straat, Williston, 8920
info@karoohoogland.gov.za

Besoek ook ons **webwerf:**
www.karoohoogland.gov.za

BYSTAND NOMMERS

Williston 066 056 2678
Fraserburg 066 077 5922
Sutherland 066 056 2811

Rapportering van brande, rampe en pad-ongelukke:

NOODNOMMER: 10177

SAPD: 10111

Rapportering van ESKOM probleme: 0860 037 566

Datums van volgende Raadsvergadering vir 2020 wat toeganklik is vir die publiek:
29 Januarie 2020
Williston Raadsaal

U insette is baie belangrik vir Karoo Hoogland se toekoms!

U word 'n vrolike en geseënde Kersfees toegewens ! Vir die wat op die paaie gaan, reis veilig ! Mag u almal 'n vreedsame tyd saam met familie en vriende deurbring die feestyd. Voorspoed vir 2020 en mag ons dié jaar voortbou op ons suksesse en leer uit ons foute.

Boodskap van Karoo Hoogland se Burgemeester Raadslid VC Wentzel

MUNISIPALE KANTORE : SLUITINGS-TYE

Die Munisipale Kantore is sal Vrydag, 20 Desember 2019 om 12:00 sluit en weer op 6 Januarie 2020 open.